In die eerste deel is die indeling van die vier hoofstukke gebaseer op 'n groepering van die belangrikste 'akteurs' en hul mededingende strategieë vir die toekoms: die regering en die staat, die regtervleuel, verset in ballingskap en versetbewegings aan die linkerkant van die politieke spektrum. Elkeen van die hoofstukke is op sigself 'n insiggewende dokumentering van die kontemporêre politieke toneel. Boonop word die leser betrek by die tweesnydende debat oor populêre opvattings en die 'akteurs' se weerlegging daarvan, oor visies en strategieë van 'akteurs', getoets aan die realiteite. In hierdie opsig slaag die boek in een van sy verklaarde doelwitte, nl. om deel te word van die openbare diskoers oor die toekoms van Suid-Afrika.

In hoofstuk vyf word die sogenaamde 'inkrementaliste' bespreek, te wete Inkhata, die Arbeidersparty, die Progressiewe Federale Party en die privaatsektor, wat almal liberale waardes onderskryf, soos die beskerming van individuele regte in 'n onafhanklike regsorde, 'n onderskeiding tussen apartheid en kapitalisme en die verwerping van rewolusie as die weg waarlangs verandering teweeggebring moet word.

Een van die waardevolste bydraes tot die openbare debat in hierdie boek is die nugtere ontleding van 'n wenslike en waarskynlike ekonomiese toekoms vir Suid-Afrika in hoofstuk ses. Die intensiteit van ekonomiese aansprake en die hantering daarvan in 'n demokratiese bestel anderkant apartheid word objektief ontleed. Onderhandelde skikking word voorgehou aangesien dit die wesenlike materiële belange van al die 'akteurs' beter sal dien as 'n verdiepende konflik.


Hoofstuk sewe bied 'n oorsig van die rol van veral internasionale verhoudinge, met die klem op dié tussen Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika. Ook die betrekkinge tussen Suid-Afrika en sy buurstate word aangesny.

Die twintigtal akademici, navorsers en sakelui wat aan die projek deelgeneem het, se gesamentlike uitgangspunt is dat apartheid afgetakel en deur 'n demokrasie vervang moet word, dat die produktiewe kapasiteit van die ekonomie nie in die oorgangsproses vernietig moet word nie en die koste van oorgang, veral in menslike terme, tot die minimum beperk moet word.

In die agste (en slot-) hoofstuk — deur die redakteurs self geskryf — word Suid-Afrika ten opsigte van maatskaplike verandering met onder meer Rhodesië, Algerië, Selma, Iran, die Filippyne, Japan en China vergelyk. Sodoende word die leser oortuig dat geen sosiale bestel onveranderlik is nie. 'n Nie-rassige, demokratiese en welvarende Suid-Afrika is moontlik, maar die pad daarheen loop nòg deur Armageddon, nòg deur die paradys ...

Hierdie is 'n waardevolle en prikkelende werk wat die debat oor en in Suid-Afrika ten goede kom. Met die kundigheid van die skrywers word ongeldige stereotipes afgebreek en die leser gelei om die werklikhede sowel as verrassende nuwe moontlikhede te sien. Die bespreking verval nooit in oormatige tegniese besonderhede nie, en hoewel die taalgebruik nie eenvoudig is nie, is dit volkome leesbaar. Die boek is voorsien van 'n register en 'n bibliografie waarin die jongste werke opgeneem is.

*JOHANN GROENEWALD*
*Universiteit van Stellenbosch*




H. BORNMAN. *Vaalharts*. Vaalharts Halfeeufeeskomitee : Hartswater en Jan Kempdorp, 1988. 140 pp. Geïll. Prys onvermeld. ISBN 0 620 11010 4.

Die boek is met die oog op die 50-jarige herdenking van die vestiging van die eerste nedersetters op die Vaalhartsbesproeiingskema in 1938 saamgestel. Dit is 'n mooi gedenkuitgawe in stewige hardeband en ryklik v[illegible] foto's, sommige in kleur.


Dit beslaan agt hoofstukke en begin met 'n bespreking van die vroeë geskiedenis van die gebied. Daarna volg hoofstukke oor die bou van die besproeiingswerke, die koms van die eerste nedersetters, die stigting en ontwikkeling van dorpe op die skema, kommunikasie, onderwys en godsdiens. 'n Kort slothoofstuk rond die publikasie af.

Hans Bornman het reeds gedenkboeke vir Nelspruit en Vryburg opgestel. Hy is egter nie 'n opgeleide historikus nie en sy bronne berus in hoë mate op mondelinge oorlewering wat nie altyd betroubaar is nie. Hoewel hy 'n groot hoeveelheid waardevolle inligting sowel as belangrike historiese foto's oor Vaalharts byeen gebring het, vorm die boek nie 'n hegte, afgeronde eenheid nie. In die hoofstuk oor die vestiging van die eerste nedersetters word ook die stigting van die landboukoöperasie, die boereunie en selfs die studiefonds van 1964 bespreek. By die stigting van dorpe word die ekonomiese bedrywighede (die koöperasie uitgesluit), die ontstaan van nywerhede en selfs latere boerderyontwikkeling soos die plant van aspersies, wyndruiwe en sitrus behandel.

Enkele feitefoute kom ook voor: die eerste nedersetter het nie op 11 April 1938 op die skema aangekom nie aangesien die eerstes reeds op 5 April hul persele ontvang het. Verder het nie 30 boere hulle in 1938 en 96 hulle in 1939 daar gevestig nie. In April-Mei 1938 het 27 boere persele ontvang en teen Maart 1939 (nie eers einde 1939 nie!) het die getal reeds op 126 te staan gekom.

Oor die algemeen is die boek nietemin 'n goeie weergawe van die stigting en ontwikkeling van die skema. Vir inwoners en oud-inwoners sal dit beslis ure se leesgenot verskaf.

*R.T.J. LOMBARD*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*




F.R. BRADLOW. *Printing for Africa : the story of Robert Moffat and the Kuruman Press*. Kuruman Moffat Mission Trust : Kuruman, 1987. 36 pp. Illus. R14,95 (inclusive). ISBN 0 620 11489 4. (Obtainable from Kuruman Moffat Mission Trust, P.O. Box 34, Kuruman, 8460.)

Under the directorship of the energetic Rev. Alan Butler the Kuruman Moffat Mission Trust's decision to restore the entire old mission premises at Seodin was enthusiastically executed. At the request of Butler, the well-known Africana specialist Frank Bradlow wrote this paperback booklet to provide an overview of the history of translation and printing at Kuruman. It was there that the Gospel was first translated into an African language (Setswana, which was at the time not yet reduced to writing) by the likes of the great missionary pioneer Robert Moffat, bringing literacy and christianity to Africa.


The historic mission press, which arrived at Kuruman in 1831, has during the last 25 years become the object of bitter controversy between the Kimberley City Council (in whose public library the press has been accommodated since 1918) and the Kuruman Moffat Mission and town council. Since 1965 representatives of the old London Missionary Society, its successor the United Congregational Church and eventually the Kuruman Moffat Mission Trust endeavoured — without success — to have the press returned to Kuruman. This booklet could therefore also be regarded by some as Kuruman's side of the case.

*Printing for Africa* deals first with the background of translation and printing at Kuruman, and the hardships endured by Moffat and his fellow missionaries. Bradlow's frequent use of direct quotations is somewhat disturbing, while his self-confessed admiration for Robert Moffat also leads him to diminish the contributions of other Kuruman missionaries, in particular William Ashton.

The second part of the book deals with the Kuruman press itself — its history, productions and controversy. Written fluently, the work has been thoroughly researched and is neat in appearance. For the first time a comprehensive and complete list of publications which were printed on the old press during Moffat's term of service (1820-1870) has been published in the form of an annexure. Compiled by Cecil Northcott, this list includes scriptures, catechisms, spelling books, hymn books, tracts and periodicals.

The booklet is not only of general and literary interest, but also of value to those who are interested in the history of the printing industry.

*P.H.R. SNYMAN*
*Human Sciences Research Council*




J. CLARKE (red.). *Like it was : The Star 100 years in Johannesburg*. Argus Printing and Publishing Co. : Johannesburg, 1987. 245 pp. Geïll. Prys onvermeld. ISBN 0620 09389 7.

Hierdie aantreklike, tipografies goed versorgde en leesbare publikasie is een van talle wat met die eeufeesviering van die Goudstad saamhang. Terselfdertyd herdenk dit ook die 100-jarige bestaan van *The Star* in dié stad. Die oogmerk is 'the story of the city of Johannesburg ... as witnessed by its biggest and oldest daily ...' (p. iv). Elke hoofstuk — behalwe die eerste — neem 'n dekade onder die loep en is tematies onderverdeel. Benewens 'n nuttige register word bykomstige inligting oor persone en plekke alfabeties voorsien.

Ten spyte van bogenoemde oogmerk is dit beslis meer as net die geskiedenis van Johannesburg wat aangebied word. In sekere opsigte kan 'n mens dit as 'n populêre geskiedenis van Suid-Afrika bestempel. Die boek het dus 'n eienaardige karakter wat die leser telkens verwar. In die teksgedeelte word begryplikerwys oor heelwat bekende terrein gegaan, maar uiteraard